

## Leeus met Letsels – vrae en aktiwiteite

### Hoofstuk 1

1. Watter twee ouens het baklei? *Buyisiwe (of Buyi) en Jonathan*
2. Verduidelik in jou eie woorde hoekom Buyisiwe soos 'n vreemdeling voel. *Buyisiwe het 'n vreemde naam vir 'n plek soos Londen. Hy het 'n vreemdeling se naam.*
3. Hoekom dink jy word die dialoog aanvanklik in Engels gegee? *Die karakters woon in Londen en praat Engels met mekaar.*
4. Jy weet nou al 'n paar goed oor die hoofkarakter in die verhaal. Watter soort persoon is Buyi? *Buyi is bereid om met sy vuiste te veg as iemand sy karakter aanval. Hy voel hy hoort nie tuis in Londen nie. Hy is intuïtief en kan agterkom dat daar moeilikheid aan die broei is.*
5. Hoe effektief is die openingsparagraaf van die verhaal? *Die openingsparagraaf trek die leser onmiddellik in die verhaal in. Jy wil weet hoekom daar bloed op Jonathan se gesig en Buyi se vuiste is. Dit skep spanning.*

### Hoofstuk 2

1. Wie bring aandete? *Buyi se ma.*
2. Buyi neem sy ma se gesprek oor hulle finansiële probleme nie ernstig op nie. Gee 'n voorbeeld van sy gedrag wat dit toon. *“Hy rol sy oë.”*
3. Hoekom dink jy kan Buyi nie sy ma troos nie? *Hy voel asof daar 'n muur tussen hulle is. Dalk is dit omdat mans soms nie weet hoe om 'n vrou se trane te hanteer nie.*
4. Slegs 'n kort gedeelte van die hoofstuk vertel van Buyi se pa. Watter soort pa is hy vir Buyi? *Buyi het sy pa nog nooit ontmoet nie. Sy pa was tot dusver “afwesig” in sy lewe. Maar nou is hy bereid om na Buyi te begin omsien.*
5. Sal jy sê daar is spanning tussen Buyi en sy ma? Hoekom sê jy so? *Ja, Buyi help nie in die huis nie. Sy ma voel magteloos en haar benarde finansiële situasie plaas hulle gesin onder druk en verhoog ook die spanning tussen ma en kind.*

### Hoofstuk 3

1. Wat gebeur toe Buyi se ma hom vra of hy met sy pa oor die telefoon wil praat? *Hy draai sy rug op sy ma.*
2. Buyi is baie ingelig oor Afrika. Is die stelling waar of onwaar? Verduidelik jou antwoord. *Onwaar. Buyi weet nie eens presies waar Afrika is nie.*
3. Haal 'n stukkie dialoog aan wat aandui dat Buyi tog baie vir sy ma omgee. *“Ek is lief vir Ma.”*

4. Skryf die volgende gebeure in die regte volgorde:
  - a. Buyi dink sy pa gee nie vir hom om nie, anders sou hy vir 'n foto gevra het of vir hom geskenke gestuur het met sy verjaarsdag.
  - b. Buyi en sy ma neem afskeid.
  - c. Buyi se ma vertel hom dat hy nou by sy pa in Afrika gaan bly.
  - d. Buyi se ma pak sy tasse.
  - e. Buyi se ma reël sy paspoort.

*c; a; e; d; b*

5. Dink jy Buyi aanvaar teen die einde van die hoofstuk dat hy nou by sy pa moet gaan bly? *Nee, hy wens hy kon vir altyd nog in sy ma se arms bly.*

#### **Hoofstuk 4**

1. Gee die naam van die lughawe waar Buyi land. *O.R.Tambo Internasionale lughawe*
2. Beskryf Buyi se eerste indrukke van die nuwe land wat hy vanuit die vliegtuig sien. *Hy sien die duisende motors en hoofweë, asook die huise wat wissel van rykmanshuise tot armoedige gehuggies.*
3. Toe Buyi van die vliegtuig afklim, weet hy in 'n oogwenk dat hy ook nie hier hoort nie. Kan jy aan 'n ander geleentheid dink waar hy 'n soortgelyke gevoel gehad het? *Na sy geveg met Jonathan het Buyi deur Londen se strate geloop en ook gevoel dat hy nie daar hoort nie.*
4. Het jy simpatie met Buyi as vreemdeling wat voel dat hy nêrens hoort nie? Hoekom sê jy so? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
5. Stel jou voor jy is in Buyi se skoene en sien vir die eerste keer in jou lewe jou pa. Hoe sou jy voel? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

#### **Hoofstuk 5**

1. Watter misverstand het Buyi in die ontvangslokaal by die lughawe? *Die man wie hy gedink het is sy pa, Themba, is toe sy pa se kollega, Lwazi.*
2. Gee 'n voorbeeld van interaksie of gedrag tussen Buyi en Lwazi wat Buyi se onkunde met die plaaslike kultuur wys. *Buyi weet nie hoe om Lwazi volgens die tradisionele manier met die hand te groet nie.*
3. Verskil Buyi se houding teenoor vreemdelinge in Suid-Afrika van sy houding teenoor vreemdelinge in Londen? Hoekom sê jy so. *Nee, Buyi hou nie van vreemdelinge nie. Hy vrees steeds vreemdelinge en is nou ook baie versigtig vir Lwazi.*
4. Vergelyk André se karakter met Simoshile s'n. *André is 'n ekstrovert, terwyl Simoshile meer van 'n introvert is. André sit sommer dadelik sy arm om Buyi al ken hy hom nie*

*eens nie. Hy is tergerig, maar vriendelik. Simoshile is ook vriendelik, maar sy is ook skaam en raak verleë as André haar terg.*

5. Kan jy aan 'n beter manier dink om Buyi in Suid-Afrika by die lughawe te verwelkom? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

## Hoofstuk 6

1. Watter tale praat Simoshile? *isiZulu, Engels, 'n bietjie Afrikaans, isiXhosa en siSwati.*
2. André noem Simoshile 'n "wysneus". Wat beteken die idiomatiese uitdrukking: "Iemand is 'n wysneus"? *Iemand wat hom verbeel hy weet alles. In Engels: a know-all.*
3. Kyk na 'n plakkerskamp deur Buyi se oë. Hoe sou jy dit beskryf as jy vir die eerste keer een sien? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
4. Hoekom dink jy bid Buyi saggies dat die veldvoertuig nie hier by die plakkerskamp moet stop nie? *Die geweldige armoede is vir hom skokkend.*
5. Dink jy die skrywer moes liever die gedeelte oor die plakkerskamp en oorbevolking uitgelaat het, of het dit 'n doel in die verhaal? *Die skrywer gee met hierdie gedeelte 'n realistiese blik op Suid-Afrika. Dis nie net 'n land van skoonheid nie, maar ook een waarin mense geweldig swaarkry.*

## Hoofstuk 7

1. In watter dorpie kom Buyi-hulle aan? *Bela-Bela*
2. Wanneer mense in vreemde plekke kom, vergelyk hulle dit altyd met plekke wat vir hulle bekend is. Verduidelik hoe Buyi dit ervaar toe hy die winkel binnestap. *Buyi vergelyk die winkel met die Tesco-winkels waaraan hy gewoon is. Die winkel in Bela-Bela is kleiner as Tesco, en daar is ook ander produkte op die rakke. Sommige produkte, soos Coke, is egter dieselfde. Buyi besef ook hy sal gewoon moet raak aan 'n nuwe geldeenheid toe André betaal.*
3. Skrywers gebruik soms bekende verhaalelemente, maar gee dit 'n effense kinkel om vars te klink. In hierdie hoofstuk gebeur dit met 'n bekende sprokie. Haal die gedeelte aan en verduidelik hoekom dit anders is. *"Die slapende prins het wakker geword." In die sprokie is dit 'n slapende prinses wat wakker word.*
4. Sou jy vir Mama Unathi wou ken? Hoekom sê jy so? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
5. Die kwessie van verskillende tale kom weer in die hoofstuk ter sprake. Dink jy Suid-Afrikaners moet twee of selfs drie tale magtig wees om volwaardig as burgers van die land gereken te word? Motiveer jou antwoord. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

## Hoofstuk 8

1. Beskryf wat gebeur het toe Buyi sy pa ontmoet. *Buyi se pa het eers van ver af sy kop geknik. Toe hy nader stap was sy gesig strak. Buyi het nie geweet wat om te verwag van sy pa nie, hoe om hom te groet nie, of selfs hoe om hom te noem nie. Sy pa is die heelyd afsydig en gee uiteindelik net die chalet se sleutel vir Buyi om sy tasse te gaan neersit.*
2. "Is hy dan nie bly om my te sien nie? wonder Buyi." Dink jy Buyi se pa is bly om sy seun te sien? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
3. Vergelyk Buyi se pa se houding met Buyi se ma 'n. *Buyi se pa kom koud en onemosioneel voor, terwyl sy ma 'n warm, emosionele mens is.*
4. Daar steek meer in Mama Unathi se woorde wanneer sy sê: "Ek het 'n watertand-lekker nagereg ook vir jou." Kan jy tussen die lyne lees wat sy ook hiermee bedoel? *Sy wil vir Buyi op 'n manier probeer troos omdat sy pa nie saam met hom kan gaan eet en hulle mekaar nie nou al kan leer ken nie.*
5. Hoekom dink jy vertel Buyi vir sy ma 'n leuen? *Hy wil nie hê sy ma moet haar bekommer oor hom nie, en daarom sê hy dat hy en sy pa baie gaaf is.*

## Hoofstuk 9

1. Hoe rig Buyi sy nuwe kamer in? *Hy pak sy klere weg in die kas, stapel sy boeke op die lessenaar langs sy iPod, CD's en DVD's, en hy sit 'n plakkaat van die bokser Amir Khan teen sy muur op.*
2. Hoekom is dit vir Buyi vreemd om sy eie klere te hoor ritsel? *Dit is nie iets waaraan hy gewoon was in 'n lawaaierige stad nie. Nou in die stilte van die bos is die geluid vir hom vreemd.*
3. Ons het nou al 'n ander kant van Buyi leer ken. Hoe verskil die Buyi van Londen met die Buyi wat hom in Suid-Afrika in 'n wildreservaat bevind? *In Londen was Buyi straatlim. Hy het aan vuisgevegte deelgeneem op skool. In Suid-Afrika skrik hy vir moontlike gevaar, soos wilde diere wat dalk uit die bosse op hom kan afstorm, geluide buite sy venster en 'n tor wat sy kamer binnevlieg.*
4. Watter een van die volgende gebeure verhoog die spanning in die hoofstuk? Motiveer jou antwoord.
  - a. Buyi rig sy kamer gemaklik in.
  - b. Buyi probeer die vreemde reuke in die lug uitmaak.
  - c. Buyi se pa vertel hom daar was 'n ongeluk.

*C – Die ongeluk is ’n dramatiese gebeurtenis wat vrae laat ontstaan oor die welstand van die mense wat betrokke was, wat gebeur het, en hoe dit gebeur het. Die teenwoordigheid van ’n leeu tydens die ongeluk verhoog die spanning selfs meer.*

5. Buyi se pa se klere is oortrek met bloed toe hy laataand terugkom chalet toe. Voorspel wat moontlik gebeur het. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

## **Hoofstuk 10**

1. Hoekom is Buyi bekommerd oor sy pa? *Sy pa kom bebloed by die huis aan, maar gee nie vir hom ’n verduideliking van wat gebeur het nie.*
2. Wat het met Simoshile se pa gebeur? *Hy is deur ’n leeu aangeval tydens die nagsafari.*
3. Kry jy vir Simoshile en haar pa jammer? Hoekom sê jy so? *Antwoord is oop vir interpretasie.*
4. Buyi wil nie saam met André uitgaan na die wildreservaat na die leeuaanval nie. Wat sê dit van Buyi as karakter? *In ’n nuwe omgewing met ander gevare of bedreigings as waaraan Buyi gewoond was in Londen, verander Buyi se karakter en is hy meer op sy hoede of selfs banger.*
5. Watter een van hierdie woorde beskryf Mama Unathi se karakter goed? Motiveer jou antwoord.
  - a) Hardvogtig
  - b) Versorgend
  - c) Moeilikheidmaker

*Versorgend – Sy is bekommerd oor die kinders, gee hulle drukkies, praat vriendelik met hulle en sorg dat hulle mae vol bly.*

6. Kan jy aan ’n beter manier dink om die omgewing en ook die uitleg van die kampe vir die leser te beskryf as wat in hierdie hoofstuk voorkom? *Die antwoord is oop vir interpretasie. Moontlike antwoorde kan wees dat foto’s of diagramme gebruik kon word.*

## **Hoofstuk 11**

1. Watter Afrikaanse woord verstaan Buyi nie? Engelsman.
2. Hoe verskil die skoolvlakke waarin André en Buyi nou is? *André is in graad 9, Buyi is in jaar 9.*
3. Wat beteken dit wanneer André vir Buyi sê: “Soos jy nou aansukkel, sal ’n skilpad jou inhaal en verbygaan.” *Buyi loop so stadig dat selfs ’n stadige dier soos ’n skilpad vinniger loop as hy.*

4. Sou jy sê dat hierdie hoofstuk “filmies” geskryf is, met ander woorde dat jy amper die prentjies voor jou oë kan sien soos in ’n film? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
5. Hoe effektief is die beskrywing van die veldplante in hierdie hoofstuk? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

## Hoofstuk 12

1. Wat gebeur toe die hongerpyn begin knaag? *Toe Buyi-hulle begin honger word, gaan hulle terug na die hoofkamp toe om kos te soek by Mama Unathi.*
2. Hoekom kon Buyi se pa-hulle nie die leeu opspoor nie? *Die reën het die spore uitgewis.*
3. Verduidelik in jou eie woorde hoekom Buyi ’n plakkaat van Amir Khan teen sy muur het. *Amir Khan het as jong bokser van slegs 17 groot terugslae in sy lewe oorkom om uiteindelik ’n silwer medalje by die 2004 Olimpiese Spele te wen. Hy stam ook af van kryger-konings.*
4. Lwazi verduidelik in hierdie hoofstuk hoe die leeu hom aangeval het. Plaas die volgende gebeure in die korrekte volgorde:
  - a) Die leeu slaan sy tande in Lwazi in.
  - b) ’n Leeu se brul laat Lwazi gryp na die soeklig.
  - c) Die Land Rover sit vas in ’n modderpoel.
  - d) Lwazi trek sy geweer teen sy skouer vas.
  - e) ’n Toeris se kamera val uit sy hande.

*c; b; e; d; a*
5. Hoe effektief is Lwazi se vertelling (met dialoog) van die leeuaanval in hierdie hoofstuk? Sou dit nie beter wees as die skrywer die aanval in ’n spannende beskrywing uitgebeeld het nie? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

## Hoofstuk 13

1. “Hy mis die TV. Dalk is dit onttrekkingsimptome, maar hy voel onrustig. Wat moet hy met homself aanvang?” Wat is die betekenis van die woord “onttrekkingsimptome”? *Dit is die fisiese of emosionele ongemak wat ’n mens voel as iets waaraan jy verslaaf of gewoon geraak het, skielik nie meer daar is om jou te vermaak of beter te laat voel nie.*
2. Gee ’n voorbeeld van ’n sprankie heldeverering wat Buyi dalk vir sy pa mag ontwikkel. *Wanneer Buyi se pa sonder ’n hemp uit die kamer stap, sien Buyi dat sy*

*bors en arms oortrek is met spiere, nes 'n bokser s'n. Buyi se held is dan ook die bokser Amir Kahn.*

3. *Wat, in jou opinie, is die onderliggende tema in hierdie hoofstuk? Die antwoord is oop vir interpretasie, maar dit kan wees dat hierdie hoofstuk veral handel oor 'n soeke na aanvaarding. Buyi se toenadering tot Umfana beeld dit goed uit, asook sy kosmakery waarmee hy sy pa se guns probeer wen.*
4. *Hoe voel jy oor Buyi se pa wanneer hy Buyi se kos "n gemors" noem? Die antwoord is oop vir interpretasie.*
5. *Gee 'n kort karakterbeskrywing van Buyi se pa soos ons hom tot dusver leer ken het. Hy is afgetrokke, puntenerig, buierig, maar ook 'n ywerige werker.*

## **Hoofstuk 14**

1. *Beskryf hoe Buyi voel toe hy die oggend opstaan. Buyi is in 'n befoeterde bui. Hy wonder wat hy in die wildreservaat maak. Sy pa hou nie van hom nie. Buyi is dalk te saggeaard vir sy pa se smaak. Hy is dalk nie die kind wat sy pa wou hê nie.*
2. *Gee 'n voorbeeld van dialoog wat aandui dat André avontuurlustig is. "Ek het nou genoeg hiervan gehad! Kom ons gaan watergat toe. Wie wil foefjieslide?"*
3. *Hoe sal jy die volgende sin verduidelik? "Meteens trek 'n vreeslike roesemoes van stemme hulle aandag." Skielik trek 'n klomp opgewonde, deurmekaar stemme hulle aandag.*
4. *Die omgewing is altyd 'n belangrike element in 'n roman. Hoe effektief wend die skrywer die omgewing aan in *Leeus met Letsels* om die verhaal lewendig te maak vir die leser? Die vreemdheid van die omgewing dra by tot die gevoel van "ontworteling" of vervreemding in die verhaal. Daar is talle duidelike beskrywing van die plante, diere en landskap. Die karakters tree gereeld in interaksie met die omgewing, byvoorbeeld met sintuiglike waarneming, of fisiese interaksie deur byvoorbeeld boom te klim, plante te kou, ens.*
5. *Lees weer die laaste paragraaf van die hoofstuk. Voorspel wat volgende gaan gebeur. Die antwoord is oop vir interpretasie.*

## **Hoofstuk 15**

1. *Beskryf kortliks Buyi se ervaring op die foefjieslide. Buyi is nogal skrikkerig vir die foefjieslide. Wanneer dit sy beurt is, sien hy die seekoeie in die water onder hom. Dit maak hom baie bang, so bang dat hy, toe hy op die wal land, laat spaander vir die uitkyktoring. Iets agtervolg hom. Hy dink dis een van die seekoeie, maar dit was toe al die tyd André.*
2. *Verduidelik hoekom die maroelaboom ook as die huweliksboom bekendstaan. Die boom simboliseer vrugbaarheid en sagtheid. Die Zulu's gebruik 'n brousel van die boomstam in skoonmaakseremonies voor 'n troue.*

3. André spot goediglik met Simoshile oor die maroelaboom. Dink jy Simoshile se optrede na die spottery is geregverdig? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
4. Dink jy daar is 'n spesiale verhouding tussen Simoshile en Buyi? Hoekom sê jy so? *Dit lyk of daar meer as vriendskap tussen die twee karakters begin blom. Dis dalk ook hoekom André vir Simoshile spot. Buyi is nog onbewus hiervan totdat André se aandag daarop vestig.*
5. Die gebruik van spanning in 'n roman maak van lees 'n onvergeetlike avontuur. Hoe gebruik die skrywer spanning in hierdie hoofstuk? *Daar is tekens van 'n emosionele spanning, of dan moontlike liefde tussen Buyi en Simoshile. Die vrees wat Buyi ervaar as hy foefieslide word verhoog wanneer hy die seekoeie onder hom sien. Die spanning word verder verhoog wanneer hy van die "seekoeie" probeer wegkom. Die skrywer gebruik hier veral kort sinne om die spanning te laat oplaai.*

## Hoofstuk 16

1. Watter moontlike rede gee André vir die seekoeie wat rustig bly en nie vir Buyi aanval nie? *André reken die seekoeie was seker te verbaas om 'n vlieënde Engelsman bokant hulle watergat te sien, dis hoekom hulle niks gedoen het nie.*
2. Watter soort beeldspraak word in die volgende aanhaling gebruik. Motiveer jou antwoord. *"Wha-a-a-a!" skree André weer, en hardloop soos 'n besetene voor hulle uit." Vergelyking, want André se optrede word vergelyk met 'n besetene (mal persoon) s'n.*
3. Haal die klanknabootsende woorde aan in hierdie hoofstuk. *"Oemfff . . . Oemfff . . ."*
4. Verduidelik hoe die skrywer die leeu as element gebruik om spanning te verhoog in die verhaal. *Aanvanklik het ons net gelees van Buyi se pa wat oortrek was met bloed, daarna hoe die leeu die veldwagters ontwyk. Lwazi se vertelling van die aanval, verhoog die spanning nog meer, en in hierdie hoofstuk sien die kinders die leeu en hardloop weg.*
5. Hoe kom die weghardloop vir die seekoeie ooreen met die weghardloop vir die leeu? *Albei gaan gepaard met geweldige vrees. By albei geleenthede is daar 'n moontlikheid van gevaar.*

## Hoofstuk 17

1. Wat het gebeur nadat Buyi-hulle naby die Namhlanje-hek gaan wegkruip het? *Themba en Lwazi se Land Rover het voor die hek stilgehou. Lwazi het die hek gaan oopmaak, maar ook 'n ruk lank stilgestaan en rondgekyk asof hy iets sien of hoor. Uiteindelik het hy Lwazi en Themba deurgery. Buyi-hulle was veilig.*
2. "Wil jy die ou man se bloeddruk opjaag?" vra Buyi vir Umfana. Kan jy aan 'n ander geleentheid dink waar hy Themba vies gemaak het? *Ja, die aand toe Buyi kosgemaak*



*het, het hy ook vir Umfana die huis in laat kom. Themba het niks daarvan gehou nie en gesê dat honde buite hoort.*

3. Buyi se ma sê vir hom hy kom ook nie weg van die reën nie. Wat dink jy bedoel sy daarmee? *Hy het sy ma vertel dat dit gereën het, en in Engeland reën dit mos ook vreeslik baie, soms vir dae aaneen.*
4. Watter een van die volgende stukkie dialoog dui op spanning in die verhouding tussen Buyi en sy pa? Motiveer jou antwoord.
  - a) “Die reën het ons gevang.”
  - b) “En ek wil nie hê jy moet stories aandra by Mama Unathi dat ek nie vir jou sorg nie.”
  - c) “Daar is ’n wasmasjien onder die toonbank in die kombuis.”

*b – Buyi se pa is omgesukkel omdat Mama Unathi hom dalk berispe het omdat Buyi nie reg eet nie. Dit kan dan lyk asof sy pa nie voldoende vir hom sorg nie.*

5. Die leeu se status verander in hierdie hoofstuk. Verduidelik. *Die leeu was eers net ’n rondloper wat ’n mens aangeval het. Hy het intussen ook iemand doodgemaak by ’n nabygeleë gemeenskap. Hy is dus nou ’n mensvreter.*

## Hoofstuk 18

1. Watter plan het André vandag? *Hy wil op ’n wildbesigtigingstoer gaan.*
2. Met watter volwasse karakter kan jy die meeste identifiseer – Themba, Lwazi of Mama Unathi? Motiveer jou antwoord. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
3. Haal ’n sin uit hierdie hoofstuk aan wat weer sinspeel op ’n moontlike liefdesverhouding tussen Buyi en Simoshile. *“Buyi, wil jy langs Simoshile sit?” vra André met ’n speelse vonkel in sy oog.*
4. Wanneer André praat oor die luiperd en Moira, sê hy die volgende: “Gelukkig hoef ons net vinniger as sý te hardloop as iets gebeur.” Na watter lewenswaarheid verwys hierdie sin ’n ’n groter konteks?
  - a) Wie nie waag nie, wen nie.
  - b) Die oorlewing van die sterkere
  - c) Hoe meer haas, hoe minder spoed.

*b*
5. Hoe effektief is die gebruik van klanknabootsende woorde in die boek, bv. die luiperd se geluid: *Hghou! Hghou!* in hierdie hoofstuk? *Die klanknabootsing help om die bosveld met sy diere te laat lewe kry in die lesers se verbeelding.*

## Hoofstuk 19

1. Watter naam of titel kry die olifante in die hoofstuk? *Die reuse van die bosveld.*
2. Verduidelik in jou eie woorde hoekom olifante so sag kan rondbeweeg. *Olifantpote het baie dik sole. Wanneer hulle op 'n takkie sou trap wat andersins sou kraak, word die klank deur hulle massiewe pote gedoof.*
3. Rangskik hierdie drie gebeure in volgorde van die laagste spanning na die hoogste spanning:
  - a) Buyi-hulle sien die leeus.
  - b) Buyi-hulle hoor die leeus.
  - c) Buyi-hulle sien swartwitpense, jakkalse, sebras en bobbejane.

*c; b; a*

4. In hierdie hoofstuk is daar 'n beskrywing van Zulu-danse. Hoe stem hierdie beskrywing ooreen met jou kennis van Zulu-danse? Is dit ook hoe jy dit ervaar? Motiveer jou antwoord. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
5. Hierdie hoofstuk vertel kortliks die verhaal van Shaka. Hoe stem hierdie verhaal ooreen met Buyi se eie verhaal? *Buyi het ook sonder 'n pa grootgeword. Sy ma was tot dusver sy versorger.*

## Hoofstuk 20

1. Watter verhaal vertel Simoshile se pa vir haar? *Die verhaal van die verkleurmannetjie wat nie betyds sy boodskap aan die mense gaan aflewer het nie, met die gevolg dat mense nou gedoem is om te sterf.*
2. Hoe verskil die verhouding tussen Simoshile en haar pa, met die verhouding tussen Buyi en sy pa? *Daar is 'n liefdevolle verhouding tussen Simoshile en haar pa. Tussen Buyi en sy pa is daar 'n emosionele verwydering.*
3. Themba vergelyk Buyi se kamer met 'n varkhok. Waar in die verhaal het die kwessie van sy netheid ook ter sprake gekom? *In die begin van die boek sê sy ma vir hom dat hy die woonstel 'n bietjie kon skoonmaak. Sy antwoord was dat hy moeg is, dis Vrydag en wie werk nou op 'n Vrydagaand. Sy ma kan, volgens hom, mos môre die plek skoonmaak. Daar is later ook sprake van sy onnetheid wanneer Themba hom aansê om sy vuil wasgoed te was.*
4. Kan jy aan 'n beter manier dink waarop Themba met Buyi kon praat oor die vuil kamer? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
5. Die hoofstuk eindig op 'n spannende noot: "Umfana is weg!" *Voorspel wat volgende gaan gebeur.*

## Hoofstuk 21

1. Wat gebeur nadat Buyi agterkom dat Umfana weg is? *Buyi roep na Umfana, wanneer hy hom nie kry nie, oorreed hy sy vriende om te gaan help soek na hom.*
2. Gee 'n voorbeeld van manipulasie in hierdie hoofstuk. *Buyi vra smekend vir Simoshile: "Ek is jou pel, is ek nie?" wanneer sy nie wil help soek na Umfana.*
3. Buyi sê aan André dat hy, soos Amir Khan, 'n wenner wil wees, nie 'n verloorder nie. Wat, volgens jou, is Buyi op hierdie oomblik in die verhaal? Motiveer jou antwoord. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
4. Skrywers gebruik dikwels simbole in verhale. Simbole staan vir iets meer as wat hulle voorkom. Wat is die simboliese betekenis van die pofadder? *Die pofadder is, volgens Simoshile, moontlik 'n voorvader wat vir Buyi kom waarsku teen gevaar.*
5. Voorvadergeeste is deel van baie mense in Suid-Afrika se kultuur. Glo jy aan voorvadergeeste? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

## Hoofstuk 22

1. Beskryf die erosie-area. *Die plek lyk soos 'n surrealistiese maanlandskap. Dis 'n ravyn wat deur die landskap krul. Sy vaalbruin wande is oortrek met sandstrukture, torings, skeure, krake en klein grotte.*
2. Buyi is bang dat sy onkunde oor die kultuur hom dalk nou duur te staan kan kom. Verduidelik wat hiermee bedoel word. *Buyi is nou baie bang, want hy weet nie of dit in die Afrika-kultuur is om oneerbiedige kinders baie swaar te straf nie, miskien selfs dood te maak nie . . . Sy pa het dan 'n geweer saamgebring toe hulle na die hond gaan soek.*
3. Die tema van lewe en dood duik weer op in hierdie hoofstuk wanneer Themba sê: "Lewe en dood . . . Dit loop hand aan hand hier." Hoe verskil dit nou van die volksverhaal oor lewe en dood wat vroeër vertel is? *Dit is nou nie meer net 'n storie nie. Die dreigende dood is nader as ooit. Die mensvreter leeu is steeds daar buite, en Buyi kry die skokkende opdrag om sy ergbeseerde hond dood te skiet.*
4. Hoe effektief is die beskrywing van 'n leeuaanval in hierdie hoofstuk? Is dit nie te gruwelik vertel nie? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
5. Hoe voel jy oor Themba se bevel dat Buyi vir Umfana moet skiet? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

## Hoofstuk 23

1. Die gebeure aan die begin van hierdie hoofstuk gee emosionele diepte aan die roman. Het dit jou emosioneel geraak? Verduidelik jou antwoord. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

2. Haal twee stukke dialoog aan wat kort opmekaar volg in die hoofstuk, en aandui dat Buyi en sy pa glad nie oor die weg kom nie. *“Jy is nie ’n man nie” en “Ek haat jou”.*
3. Die skrywer laat Umfana se begrafnis oor aan die leser se verbeelding, maar sinspeel net daarop. Hoe effektief is dit? *Die ongelukkige gebeure is al klaar so emosioneel, ’n begrafnistoneel sou dalk net die verhaal laat vervlak tot sentimentaliteit.*
4. Watter erkentenis maak Buyi en sy ma teenoor mekaar? *Hulle erken albei dat dit nie goed gaan met hulle nie. Buyi kom nie oor die weg met sy pa nie, en sy ma mis hom vreeslik.*
5. Watter implikasies kan Buyi se besluit in die slotreël van die hoofstuk hê? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

## Hoofstuk 24

1. Wat vuur Buyi aan om hierdie drastiese plan te bedink? *Sy woede vuur hom aan.*
2. Verduidelik kortliks Buyi se plan om weg te kom. *Buyi wil wegkom deur die Kusasa-kamp, ’n gat knip in die grensdraad en met die grondpad langs afstap na die teerpad, vandaar na Bela-Bela ’n geleentheid soek, en dan met die hoofpad koers kies na die lughawe. Hy gaan sy spaargeld gebruik vir ’n vliegtuigkaartjie.*
3. Kan jy aan iets dink wat Buyi vergeet om in te pak wat hy dalk sal nodig kry? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
4. Verduidelik hoekom daar ’n vloed van gevoelens deur Buyi stroom toe hy na die bokser se plakkaat kyk. *Buyi beseft hy kon nie sy droom verwesentlik om sy probleme in die gesig te staar nie. Hy beseft ’n mens veg die meeste gevegte aan die binnekant. Dit is hierdie gevegte wat hy nie kan wen nie.*
5. Voorspel wat volgende in die verhaal gaan gebeur. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

## Hoofstuk 25

1. Help Buyi se kennis wat hy tot dusver opgedoen het, hom nou in die veld? *Nee, dit help hom nie juis nie. Hy sukkel om afstand te skat, hy weet nie heeltemal waar hy is in die donker nie, hy kan nie presies vasstel waar die leeu is nie. Dit wat hy tog weet van leeus, maak hom nou banger: Leeus word totaal ander diere in die nag. Die nag is hulle jagtyd . . .*
2. Aan watter hoop klou Buyi vas terwyl hy daar in die veld saam met die leeu is? *Buyi hoop dat die leeu hom net wil skrikmaak, en dat hy, as hy op hom afstorm, kort voor Buyi in sy spore sal vassteek.*
3. Sou jy hierdie hoofstuk as die klimaks van die verhaal beskou? Motiveer jou antwoord. *Ja, in hierdie hoofstuk kruis die mensvreter leeu se paaie met Buyi s’n.*

4. Buyi se pa het hom baie sleg behandel. Vergoed sy aksies in hierdie hoofstuk daarvoor? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
5. Wat sou jy anders wou laat gebeur in hierdie hoofstuk? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

## Hoofstuk 26

1. Kry jy vir Themba jammer nou dat hy bereid was om sy lewe vir sy seun op te offer? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
2. Wat is die simboliese betekenis van Themba se van? *Sy van is Ngonyama. Dit beteken leeu in isiZulu. Sy voorvaderlike stam het 'n heilige plig gehad om leeus te beskerm. Themba en by implikasie Buyi, omdat hy sy seun is, is ook "leeus".*
3. Hoe meen Lwazi sal Themba voel oor die leeu wat doodgeskiet is? *Themba sal voel dat hy die leeus in die steek gelaat het.*
4. Wat glo die Swahili-mense oor die brul van 'n leeu? *Hulle glo leeus sê eintlik: "Wie se land is hierdie? Myne, myne, myne!"*
5. Hoe effektief is die versoening tussen pa en seun in hierdie hoofstuk? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

## Hoofstuk 27

1. Hoe beskryf Mama Unathi vir Lwazi? *Sy sê hy is hardkoppig.*
2. Verduidelik Simoshile se reaksie toe sy hoor dat Buyi wil teruggaan Londen toe. *Sy skrik en snak na haar asem. Sy het dit nie verwag nie.*
3. Wanneer 'n karakter verander in 'n roman, sê ons sy karakter groei. Hoe het Buyi se karakter gegroei? *Buyi het nie geweet waar hy hoort in die wêreld nie. Hy was onseker van homself en het glad nie goed oor die weg gekom met sy pa nie. Aan die einde van die boek is hy 'n sterkter karakter. Hy weet hy hoort in Afrika, en sy verhouding met sy pa het baie verbeter.*
4. Verduidelik hoe die boek se titel 'n wyer betekenis kry as bloot net 'n mensvreter leeu met 'n litteken by sy oog. *Themba en Buyi is ook leeus, omdat hulle uit die Ngonyama stam afkomstig is. Themba kry ook self 'n letterlike letsel by sy oog na die leeu-aanval, maar beide hy en Buyi dra ook self aan emosionele letsels.*
5. Evalueer die hele roman en gee dit 'n punt uit tien. Motiveer jou puntetelling. *Waarvan het jy gehou en waarvan nie? Die antwoord is oop vir interpretasie.*
6. Wat dink jy was die oorkoepelende tema van *Leeus met Letsels*? *Elke mens moet sy plek vind in die wêreld. Die lewe is baie kort en kan in 'n oogwenk verby wees.*

## Aktiwiteite

- Gebruik die inligting in hoofstuk 10 en teken 'n kaart wat die uitleg van die reservaat se kampe duidelik maak.
- Maak 'n plakkaat om *Leeus met Letsels* by 'n boekwinkel te adverteer.
- Maak 'n kort video wat as lokprent vir *Leeus met Letsels* gebruik kan word. Gebruik 'n program soos Microsoft se Moviemaker om dit te doen. Plaas die video op YouTube.
- Verbeel jou jy moet hierdie boek bemark. Werk 'n bemarkingsplan, met 'n begroting vir *Leeus met Letsels* uit.
- Maak 'n pamflet om toeriste te waarsku teen die gevare in 'n wildkamp.
- Stel 'n lys met reëls op vir 'n wildkamp.
- Skryf 'n gedig oor "vreemdelingskap".
- Buyi vind vertroosting in die musiek van sy geboorteland. Watter musiek sou jou troos as jy lank in die buiteland moes gaan woon? Hoekom juis hierdie musiek? Gesels daaroor in die klas.
- Skryf 'n kort toneelstuk oor die klimaks van die verhaal en voer dit op in die klas.
- Pa's en seuns, of ma's en dogters kan soms by mekaar verbyleef. Ervaar jy dit ook? Maak planne in groepsverband oor hoe ouers en kinders weer mekaar kan "vind".
- Hou 'n debat in die klas en neem 'n standpunt in: Die Groot 5 is niks anders as 'n bemarkingsfoefie nie, of die Groot 5 is baie belangrik vir Suid-Afrikaanse toerisme.
- "Mensvreterdiere moet doodgemaak word." Stem jy saam met hierdie stelling? Hou 'n klasdebat en vind uit hoe jou vriende voel.
- Kry 'n penvriend oorsee en vind uit hoe hulle daar leef. Vertel hom hoe ons in Suid-Afrika van dag tot dag 'n bestaan maak, skoolgaan, wat ons doen vir pret, en meer.

